



hou KOERS!

WWW.VOORTREKKERS.CO.ZA



Hoe ontwikkel ons veerkragtige jongmense?

Jongmense word groot in 'n wêreld wat vinniger verander as ooit tevore. Tegnologie ontwikkel teen 'n ongelooflike tempo, sosiale media plaas voortdurend druk op identiteit en prestasie en die nuussiklus is dikwels gevul met konflik, ekonomiese onsekerheid en uitdagings. Hoe kan ons jongmense toerus om steeds in hierdie omstandighede te floreer?

Veerkragtigheid beteken nie om nooit moed te verloor of nooit teleurgesteld te wees nie. Dit is die vermoë om ná 'n terugslag weer op te staan, uit foute te leer en met hoop vorentoe te beweeg.

Juis hier speel organisasies soos Die Voortrekkers 'n unieke rol. In 'n tyd waar baie ervarings digitaal plaasvind, bied ons iets wat nie deur 'n skerm vervang kan word nie: avontuur, verantwoordelikheid, spanwerk en betekenisvolle verhoudings.

Wanneer 'n jongmens leer om 'n roete te beplan, 'n span te lei of 'n diensprojek aan te pak, leer hy of sy veel meer as net 'n vaardigheid. Hulle ontdek dat probleme opgelos kan word, dat deursettingsvermoë beloon word en dat elkeen iets waardevol het om by te dra.

Navorsing wys dat veerkragtige jongmense dikwels drie dinge in gemeen het: hulle het ten minste een betroubare volwassene wat in hulle glo, hulle kry geleentheid om verantwoordelikheid te aanvaar en hulle ervaar dat hulle deel is van iets groter as hulself. Dit is presies die omgewing waarna Die Voortrekkers streef.

As volwassenes hoef ons nie al die antwoorde te hê nie. Jongmense onthou selde elke woord wat ons sê, maar hulle onthou hoe ons hulle laat voel. Hulle onthou die leier wat tyd gemaak het om te luister, die mentor wat in hulle potensiaal geglo het en die span wat hulle gehelp het om ná 'n mislukking weer moed te skep.

Die grootste geskenk wat ons aan die volgende geslag kan gee, is selfvertroue om uitdagings met moed, wysheid en geloof tegemoet te gaan.



Verdien jou 95 jaar Feeskenteken!

Het jy al deelgeneem aan Die Voortrekkers se 95-jaarprieringe? Dan kan jy dalk jou eie 95 jaar Feeskenteken verwerf!

- Enige ingeskrewe lid vir 2026 kwalifiseer indien jy:
- 'n feesgeleentheid bygewoon het wat deur 'n kommando, oord, gebied of nasionaal aangebied is; OF
- aan 'n georganiseerde aksie deelgeneem het wat binne die mandaat van die 95-jaarprieringe val.

Vier saam, wees deel van die geskiedenis en verwerf jou 95-jaar Feeskenteken!

Augustus 2026

**VOORTREKKERS
AS LIGDRAERS
IN DIE WÊRELD**





Augustus Kan jy raai?

Kettieskiet bring feespret

Die Voortrekkers se gewilde kettieskiet-aktiwiteit was 'n groot trekpleister tydens vanjaar se Vrystaatse Kunstefees. Feesgangers van alle ouderdomme het hul mikvernuf kom toets en die uitdaging met groot entoesiasme aangepak.

Een van die hoogtepunte was die reusekettie waarmee Faf, die springbok, sy staal kom wys het. Met feesgangers veilig in sy "visier" het die reusekettie hope opwinding en gelag op die feesterrein gebring en talle mense gelok om deel te neem.

Dit was nog lekkerder toe die geliefde Suid-Afrikaanse akteur en komediant Tobie Cronjé, bekend vir sy jarelange werk in Afrikaanse teater, televisie en film, ook kom inloer het.

Hierdie aktiwiteit het oor veel meer as net pret gegaan. Elke skoot wat geskiet is, het bygedra tot 'n goeie doel. Al die fondse wat tydens die kettieskiet ingesamel is, is geskenk aan Jean Webbertehuis, 'n projek van die *Association of and for Persons with Disabilities Free State (APD Free State)*, wat deel vorm van die *National Council of and for Persons with Disabilities (NCPD)*. Jean Webbertehuis bied 'n veilige tuiste en daaglikse versorging aan mense met ernstige fisiese gestremdhede wat ondersteuning benodig om so onafhanklik moontlik te leef.

Die Voortrekkers is trots daarop om deur kettieskiet, gemeenskapsbetrokkenheid en diens 'n verskil te maak. Baie dankie aan elke feesganger wat deelgeneem het – julle mik was nie net raak nie, maar het ook gehelp om 'n betekenisvolle bydrae tot die lewens van ander te maak.



24 September – 'n Erfenisdag om te onthou

Die Voortrekkers nooi alle lede, ouers en ondersteuners na 'n besondere groot opedag op 24 September by die Voortrekkermonument. Dit is Erfenisdag, maar ook 'n hoogtepunt in die viering van 95 jaar van Die Voortrekkers – en ons gaan behoorlik feesvier!

- Lekker musiek en bekende kunstenaars
- Kuns en kultuur
- Kettieskiet
- Mondvol koekies
- Oulike geskenkies
- Pret-aktiwiteite vir oud en jonk

Kom kuier, kom luister, kom speel, kom ontdek en vier saam met ons 95 jaar se erfenis en Voortrekkeergees. Bring die hele gesin – hierdie is 'n dag wat jy nie wil misloop nie!

Hierdie is 'n foto van die eerste hoofbestuur gekies in 1931. Aangesien dit vrouemaand is, kan jy raai wie sit in die tweede ry van voor, tweede van links? Raai [hier](#).



Rotsvas – ons eie lied!

Op 17 Julie is Rotsvas amptelik bekendgestel. Hierdie lied word deur Adam Tas en Liezel Pieters gesing en vertel iets van wie ons is en waarvoor ons staan.

Nou is dit ons beurt om die lied verder te versprei! Luister daarna, laai dit af en deel dit met familie, vriende en mede-Voortrekkers. Hoe meer mense dit hoor, hoe verder dra ons Rotsvas se boodskap – kom ons laat die lied wyd weerklink! Klik op die albumvoorblad om dit te luister



Nuut vir Augustus

Hier is 'n paar nuwe begeleidingsbane vir vier van ons ou liedjies:

- As ek saans
- Die land is jou land
- Aanstap, aanstap
- Alle vure brand nou



Hierdie maand kyk ons na leiers en bestuur. Klik op die prent.



Het jy geweet?

Dames (Staatmakers/Offisiere) het die keuse om 'n donkerblou tantinie/strikdassie of serp, soos beskikbaar by die Voriemôl, by formele drag te dra.



Projek Ligpunt

Het jou kommando al 'n bydrae gemaak? Klik op die embleem vir meer inligting. Maak 'n verskil in iemand se lewe. Neem deel.

Vrystaatse Kettieskiet skenk R 5 500 aan Jean Webbertehuis as deel van Projek: Ligpunt. Welgedaan!



Het jou kommando al ingeskryf?

Nieu-Seeland sit tans Suid-Afrika en Namibië ore aan met die meeste inskrywings. Inskrywings sluit 31 Augustus.

[Instruksievideo](#)

[Laai jou teiken af](#)

[Skryf hier in](#)

